mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** Vadersdag
**Titel:** ... n Man is meer as grond
**Prediker:** Stefan Joubert
**Datum:** 17 Junie 2012

---

ƌn Baie beroemde professor Higgins vra eenkeer in ƌn gesprek vir sy vriend why canƌt a woman be more like a man. Trouens, ek dink ons almal ken dit uit My Fair Lady. Hy sing: why canƌt a woman be more like a man? Men are so honest, so thoroughly square, eternally noble, historically fair, who, when you win, will always give your back a pat. Why canƌt a woman be more like that? Why does everyone do what the others do? Canƌt a woman learn to use her head? Why do they do everything their mothers do? Why donƌt they grow up well, like their fathers do?

Miskien is dit die vraag. Ek weet nie, dis miskien maar die clan praat, die manne, as hulle apart is. Hoekom kan vrouens nie meer soos ons wees nie? Of, soos wat ek eenkeer gehoor het by een of ander mannekamp wat ek moes hou, waar ƌn ou vir my gevra het, nou maar hoe definieer jy ƌn man, en hy het my so bietjie geboul want ek het gedog mens weet maar die soort van dinge, en ek kon nie eintlik vir hom ƌn antwoord gee nie, en ek het toe gedink dalk is dit ƌn iets waarop mens dalk ƌn antwoord moet hê as iemand jou weer vra.

En ek het so bietjie gaan rondkyk, en ek het gesien baie mense beredeneer dit, of besin hierdie vraag. Ek het gesien selfs die sanggroep Westlife het so ƌn liedjie oor wat maak ƌn man ƌn man, maar toe besef ek hulle is ƌn boy band, so dit het nie gehelp nie. En toe het ek ook ƌn bietjie gekyk, daar was onlangs ƌn goeie artikel in The Guardian daar in England, en daarin sê Jackie Collins, die beroemde skryfster in die VSA, dat die man is iemand wat talente het. Dit interesseer haar baie, die... al die verskillende soorte talente, maar toe dink ek vrouens het darem ook ƌn paar, en dit gaan ons nie regtig baie help nie.

En van die ander skrywers het dinge gesê soos dat mans... ƌn goeie definisie van ƌn man sou wees ƌn ridder, chivalry, of dapperheid, of een ou het selfs gesê pride. Maar ek onthou ƌn ou met die naam Robin McKie het ƌn boek geskrywe, The Book of Man, en daarin het hy die antwoord. Dit is daardie Y kromosoom. Sien, ƌn man het ƌn kromosoom wat vroue nie het nie, die Y kromosoom, die Y. Nou, ek weet nie of dit gaan help nie. As ons almal rondloop, al die Yƌe bymekaarkom, of dit nou regtig ook ƌn verskriklike goeie definisie is van wat maak ƌn man ƌn man of wat ookal nie.

Toe dink ek dalk moet ons vandag op hierdie lekker jeuglike dag stilstaan by Genesis, Genesis 2, want Genesis 2 bied eintlik ƌn fenomenale antwoord op die vraag, want die vraag is, in Genesis 2, as die Here God die man maak dan hoor ons waarvan God ƌn man maak, naamlik van bogrond. Die teks is nogal heel indrukwekkend op daardie punt, in vers sewe, dat God die mens uit grond, ƌn dhama [?] gemaak het, en toe het Hy op die mens geblaas, en toe was die mens ƌn lewende wese, so ƌn mens, ƌn man, is ten minste van grond gemaak. Maar ƌn man is ook meer as grond, en dit lyk nogal belangrik.

Ek lees net so ƌn entjie verder dat... in vers agt en verder, dat die Here God nou hierdie pragtige tuin aangelê het, en toe stel hy die man aan as oppasser. ƌn Man is meer as grond; hy is ook ƌn oppasser. Maar ƌn oppasser is nie regtig die regte woord nie, want ƌn oppasser beteken jy pas maar ander ouens se goeters op en hoop iemand breek of steel dit nie, en dis nie wat God in gedagte gehad het nie. God het in gedagte gehad dat dit wat die man doen, dit wat werk later genoem is, dat dit eintlik is soos, dink ek maar in vandag se taal, om ƌn dirigent van ƌn simfonieorkes te wees.


© 2012 Mosaïek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Hoe tragies, in ons dag, dat werk eintlik maar die groot identiteitsaanduider is van wie mans is, sekerlik vroue ook, maar as ŉ klomp manne bymekaar is en hulle ken mekaar nie is die... is een van die eerste vrae wat jy maar kan verwag dat hulle sal vra, nou wat doen jy, nê, want jou identiteit word bepaal in hierdie voedselketting genaamd manwees, deur wat jy doen.

Ek vrees altyd daardie soort gesprekke op ŉ vliegtuig of êrens, want dit is nie gou nie of ouens vra vir jou wat doen jy.  Nou die dag weer toe sê ek vir die ou ek sit maar langs jou.  Nee, maar wat doen jy in die regte lewe?  Toe sê ek ek probeer ook maar saam met mense sit en koffie drink, en toe besef ek hy het my gegradeer en hy besef ek behoort nie eers in ekonomiese langs hom te sit nie; ek moet in die vragruim wees, want dis...

Mens word gemeet aan wat jy doen en wat jou titels is en wat jy in die lewe bereik het.  Dit bepaal vir baie ouens hulle, soort van, manwees identiteit, maar toe God, in Genesis 2, toe Hy die man gemaak het van grond het Hy bedoel hy moet meer as grond wees.  Hy moet sy tuinoppasser wees, maar betekenende hy moet... hy moet die skepping in harmonie laat speel, laat sing, laat funksioneer, laat lewe.  Hy moet... hy moet ruimte skep.  Hy moet musiek maak.

As jy dink aan ŉ simfonieorkes is dit eintlik die dirigent wat... tensy jy nou sy dirigentstaffie as ŉ musiekinstrument beskou, wat nie ŉ musiekinstrument bespeel nie, maar wat dit regkry dat ŉ verskeidenheid van klanke in een groot, aangrypende stuk musiek saamspeel en letterlik ŉ simfonie word, en dis wat God bedoel het.  ŉ Man is meer as grond.  Hy is ook meer as sy werk en sy titels en sy posisie en sy status.  Hy is eintlik deur God gemaak om van werk ŉ vreugde te maak, om ŉ ruimteskepper te wees, sodat ander mense in sy skaduwee kan groei en bo hom kan uitgroei, en selfs op sy skouers ŉ plek kan kry, en dat hy nie voel soos die ou bul wat elke keer uitgeskop is as iemand iets beters kan doen nie.  Werk moes ŉ stukkie vreugde gewees het.

Dit breek bietjie my hart as ek studie op studie lees oor werk en ek hoor die meeste mans, en vroue ook, as hulle nou ŉ keuse het wil hulle eintlik iets anders gaan doen.  Hulle wil nie die werk doen wat hulle tans doen nie.  Dis eintlik hartverskeurend, en ook as jy hoor dat mense wat oënskynlik suksesvol is, wat deur ander bewonder word, wat baie ouens eintlik hulle soort werk wil doen en hulle soort inkomste wil kry, en hulle soort karre wil ry en in hulle soort huise wil bly, dat baie van die mense in daardie posisie sê as die lewe net weer eenvoudiger kon wees.

En God het dit bedoel om eenvoudiger te wees.  Hy het ŉ man meer as grond gemaak, maar nie ŉ slaaf van werk nie.  Hy het bedoel hy moet Sy skepping, Sy tuin, soos ŉ tuin laat lyk.  Hy moet dit soos ŉ simfonie laat klink.  Sal dit nie wonderlik wees wanneer jy hierdie teks omhels en hoor jy is meer as grond, jou waarde is meer as jou salaris, al is dit hoe groot of hoe klein, en dit is dat wanneer mense by jou was en hulle wegstap dat hulle sou sê ons het suurstof gekry?

Daar is so baie mense wat ek ken, as hulle in ŉ vertrek instap dan bring hulle koolsuurgas in; dan wil ek vensters oopmaak.  Ek hoop nie ouens sê dit van jou of van my nie.  Dit sal wonderlik wees as ons doen wat die Here God in Sy Woord sê, dat ons juis vir mense ruimte gee om hulle eie unieke klanke voort te kan bring, om hulle eie unieke lewe te kan leef in ons teenwoordigheid, om meer te kan wees as wat hulle self gehoop het, dat ons vir mense ŉ stuk lewe gee.

Nou die dag vertel iemand my, wat by ŉ plek was waar ŉ klompie Christen gemeenskapsleiers saamgetrek het iewers in die land, sit al hierdie klomp bekendes en hulle moet... of onbekendes, en hulle moet hulle nou self aan mekaar voorstel, en soos wat dit in die ry gaan begin die eerste ou en sê hy is nou... hy was eintlik die plaaslike dokter en dit, en die volgende ou sê hy was eintlik die direkteur


© 2012 Mosaïek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

generaal van wie weet wat alles, en die volgende ou was die besturende direkteur van wie weet wat alles, en die volgende ou was dit en dit. En uiteindelik kom hulle by hierdie een dame, en sy sê my naam is Elsie, ek bly in die plakkerskamp en ek is vir die Here Jesus lief. En ek wonder by myself wie was die grootste in die koninkryk daar, al die betiteldes of die persoon wat net is.

Die Here het ons bedoel om net te is, en nie om altyd net uit ons identiteit te leef nie, want soveel ouens wat dit doen word maar net weer grond as hulle identiteit van hulle af wegvat. Dan het hulle nie meer ón persoonlikheid nie. Hulle het nie meer ón lewe los van wie hulle is nie. Soos ón ou nou die dag vir my sê, wat een of ander klomp sterre op sy skouers gehad het in die weermag, hy sê nie eers my vrou salueer my meer nie, en dis eintlik tragies dat mens se identiteit so daarin opgaan.

Maar die Here God het nog ón wonderlike geheim wat Hy deel met ons in hierdie teks. Uit die mens... Hy sê ón man is meer as grond as jy Sy simfonieorkes op aarde dirigeer, bedoelende as jy jou werk en jou lewe so leef dat ander in harmonie kan begin speel. Hy sê dit is wanneer jy ón naamgewer word, ón naamgewer word. Die Here God het die mens aangestel om name te gee aan alles in Sy skepping, ón naamgewer. Moet dit nie verwar met taakdoener nie. Ons is so taakgederwe dat dit ons kan iets oorkom.

Hoeveel keer hoor jy net dat ouens vir jou sê ek het nie nou tyd vir jou nie, of my dagboek is vol? Nou ja, êrens het ons ook darem grense. Ons kan nie alles vir mekaar wees nie, maar ek dink altyd aan Gulliverôs Travels. Ek het nou nog nie kleinkinders nie so ek lees vir myself slaaptydstories in die aand, en nou die dag kry ek weer in Gulliverôs Travels waar Johnathan Shift vertel waar Gulliver gevang word, en ek dink die koning van Lilliput, waar hulle sy horlosie afhaal en hulle weet nie watse ding is dit nie, en nou sit... nou kry hy sy raadgewers om uit te vind wat is dit. Party ouens sê dit is ón masjien, ander ouens sê it a animal, want hy maak geluide, en toe besluit hulle, die raadgewers vir die koning, hulle sê we think itôs his god. Dis sy god, want hy raadpleeg dit elke keer voor hy iets doen.

En toe dink ek miskien moet ons by Gulliver lees... leer dat êrens moet ons sê ek is meer as my horlosie. Ek is meer as my elektroniese dagboek. Ek is meer as die feit dat ek nie nou vir jou tyd het nie, want lyk vir my dis wat belangrikheid beteken. Weet jy, jy is nie so belangrik soos my volgende afspraak nie. Daarnatoe waar ek op pad is, dis wat saak maak. En hoor my reg, ons moet ook afsprake hê en ons lewe bestuur, maar daar kom ook ón dag dat die Here vir my wil sê jy is meer as dit. Jy is ón naamgewer, en die oomblik as jy name gee is daar verhoudings, let ón bietjie op, want die eerste plek waar hy moes name gee, die man, was vir diere.

Nou, ek het een ding dopgehou. Ek is nou nie ón jagter nie, maar ek het agtergekom jagters skiet nooit ón dier wat ón naam het nie, ek bedoel wat ón persoonlike naam het nie. Ek het nog nooit gehoor dat een van my jagtersvriende gesê het ek gaan... hierdie week gaan ek ons hond skiet, Wagter, nie, want Wagter het 'n naam, so jy het nie gesê een middag as ek van die werk af kom dan gaan ón paar van ons ouens stap en dan skiet ons vir... en dan gaan ons Wagter in die huis opsit op ón trofee nie. Maar jy gaan skiet ón leeu en jy gaan skiet ón bok en ón olifant, maar nooit Stoffel die leeu nie, want as jy Stoffel die leeu skiet het jy moeilikheid, want Stoffel is waarskynlik ón ou se huisleeu of so iets, of wat ookal, maar jy skiet nie ón dier met ón naam, ón persoonlike naam nie.

En die Here het iets geweldig gesê. Hy het gesê gaan bou... gaan groei verhoudings, en die beste ding wat jy kan doen, jy gee vir mense name en jy gee vir items name. Jy kyk hulle in die oë en jy bou verhoudings met hulle. Sjoe, en ons lewe in ón wêreld waar mense... waar mense identiteitsloos geraak het, waar jy of geken word aan nommers of aan stereotipes, of aan slegte name. Helaas het die... het... vandat al die slegte dinge in die wêreld gekom het het ons geleer om slegte name vir mekaar te gee, name


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

wat mense seermaak, name wat mense breek. Selfs party paôs noem hulle kinders dit as hulle kinders nie goed presteer nie.

Ek hoor elke keer as ek na my vrou luister, wat skoolhou, van hoe beledigend ouers kan raak teenoor kinders wat nou nie presteer soos pa en ma wil hê nie, want pa en ma het een of ander stuk trots wat hulle kinders nou moet naleef, of een of ander droom. Dan sê ek altyd vir haar gaan vra maar vir daardie pa. Hy het seker maar vir die standerd... vir die sesde span het hy lemoene aangedra, maar nou moet sy kind al Springbok kleure in graad drie verdien.

Maar dit is die roeping, wat die Here sê Ek roep jou om meer as grond te wees. Jy moet my simfonieorkes gaan dirigeer op aarde. Jy moet my tuin mooimaak. Jy moet mense laat gedy rondom jou, laat groei rondom jou, maar jy moet nog iets doen. Jy moet vir hulle name gee, mooi name, name wat hulle koppe optel, name wat hulle integriteit teruggee. Jy moet... jy moet vir daardie stukkende mens wat nie eers meer die moed het om jou in die oë te kyk nie so behandel dat hulle opkyk, vir daardie werknemer wat deur niemand raakgesien word nie, wat maar so op die agtergrond is, wat maar sorg dat die kantoor skoon is of wat maar net altyd daar is hulle waardigheid gee.

Jy moet vir daardie kind van jou wat jy maar as vanselfsprekend beskou in die huis, wat eintlik jou aandag soek, moet jy hulle liefde gee. Ek onthou hoe ôn kind vir my op ôn keer vertel het, ôn tiener, my pa is skatryk maar ek gee nie om nie. Dit maak nie saak nie. Ons sien hom nooit. Hy is ôn vreemdeling. Wat help dit? Wat help dit as jou kind nie hoor jy praat met hom of haar op die naam nie, kyk hulle in die oë nie?

Die Here Jesus, later, as Hy Sy kerk weer oprig en die apostels hierdie dinge verstaan, dan skryf hulle dit weer in hulle eie taal van die Nuwe Testament, wat alles wat ons moet doen ons met waardigheid moet doen, dat ons mekaar op die hande moet dra. Petrus sê daar in 1 Petrus 2:15 dat ons sonder ophou goed moet doen aan ander mense. Dis God se droom in die tuin gewees. En daar is ôn derde ding. ôn Man is meer as grond as hy agterkom hy het ôn helper nodig. Hy het ôn helper nodig.

Die een ding wat ek lees wat nogal ôn skok eintlik ôn bietjie is, in Genesis 2:18, is waar die Here sê dit is nie goed dat die mens alleen is nie. ôn Man is nie gebou vir alleen wees nie. Dit bestaan nie in sy DNA, dit lê nie in sy diepste wese nie. En daarom het God vir hom ôn helper gemaak, ôn spesiale helper wat by hom pas, en daardie helper word benaam, benoem, deur die man as vrou, Isha [?]. Dis die Hebreeuse woord, Isha.

God het besef hierdie man gaan dit nie maak nie. Ja, hy kan in sy... hy kan sy simfonieorkes dirigeer. Ja, hy kan... hy kan name gee. Hy kan mense en die natuur op ôn wonderlike manier bestuur, maar hy is alleen. En toe het God die eerste chirurg... eers narkotiseur en toe chirurg geword, en hom daar in die tuin geopereer, en ôn stukkie van sy rib verwyder, en toe hy sy oë oopmaak toe staan sy helper daar.

Nou, net vir die manne se onthalwe, ôn helper is iemand wat iets beter as jy kan doen. Dis hoekom jy dit ôn helper... haar ôn helper noem. Ek gaan nie my kinders stuur vir wiskunde klasse as die wiskunde meneer sê ek het... ek het graad sewe, agt, nege en tien wiskunde gedruip so ek weet hoe om te druip nie. Dan gaan ek sê jy kan nie my kinders help nie. So as die Here God ôn helper maak vir die man dan is dit om die alleenheid weg te vat. Dan is dit om die groot verlange weg te vat. Dan is dit om die pyn van swaar weg te vat.

En toe Isha hier voor hom staan, toe hy wakker word uit die... uit die... uit die narkose, in die post-operatiewe saal wakker word met al die drips nog so aan hom en hy sien vir Isha, toe begin hy sing. Toe word hy sommer ôn digter en ôn sanger. En dis, interessant genoeg, die eerste keer in Genesis dat die


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

mens ón man genoem word, dat die mens ón man genoem word. Want die vraag is wat maak van ón man ón man. Wat maak dat hierdie man nou gedefinieër word? Tot nou toe was hy net ón mens, Adam, en ewe skielik word die Hebreeuse woord vir man Ish [?] genoem, en dis wat Hebreeus beteken vir 'n man.

Ish het Isha gevind, en hy begin sing. Hy breek uit in ón loflied. Daardie woorde... hierdie keer is dit een uit myself. Ek sal vir... ek sal alles los, Ish en Isha sal gaan sing, en ek knip as te ware my naelstring met my ouers en met my vriende, want al is dit waar, al het die Here God my geskep, meer as grond, om die orkes te dirigeer en name te gee, is daar een ding belangriker, en dit is om vir Isha te vind en haar op die hande te dra. Uiteindelik het ek iemand gekry wat my mens maak, ten volle, wat my man maak, ten volle.

Ek dink ek het dit ón keer, lank terug, so verduidelik dat... die enigste beeld hoe ek dit kan verstaan, want daar staan letterlik in die Hebreeus jy sal aan sy vrou vasklewe, want dis wat jy doen as jy nie weet hoe om reg te kom nie, as jy so bietjie bang is en jy weet nie wat jy moet doen nie, dan kleef jy aan iemand vas. Hulle moet jou help, so ons mans is nie so dapper soos ons wil hê ons... dink ons is nie.

Ons klou aan ons vrouens vas want ons is bang ons gaan dit nie alleen maak nie. En daarom het die Here velcro aan hulle gesmeer, aan jou vrou, sodat jy aan haar kan kleef en leef. En die Here het bedoel, soos wat Hy dit met Adam en Eva bedoel het, toe Adam vir Eva gesê het ek is so lief vir jou, toe sou sy vir hom gevra het, maar wie anders. En dit is hoe jy na jou vrou moet kyk, who else, want die oomblik as jou oë oopgaan in God se operasiesaal en jy sien vir haar verander jou lewe vir altyd.

Dan immigreer jy, nie Sydney toe nie, maar paradys toe. Dan immigreer jy na ón vêr land waar jy vir jou vriende sê julle is vir my belangrik, maar weet julle, julle is nie belangrik genoeg nie. Julle kan op ón slag maar julle golfstokke hou, al is dit hoe duur, en julle rugby kaartjies ook hou, al is dit hoe goedkoop, en julle kan maar julle... julle... ón slag julle... saamkuier en hierdie manne gesprekke kan julle ook maar hou, want Isha, sy is op my horison. Die Here het haar vir my gegee en ek kan nie sonder haar nie. Ek maak dit nie sonder haar nie. Ek is ón ou sissie. Ek kan nie sonder haar lewe nie.

Die wanneer die huwelik... wanneer die huwelik, soos God dit bedoel het, begin bloei en groei. En dit is die grootste geskenk wat ón mens op ón dag soos vandag, as jy ón pa is, vir jou kinders kan gee, dat jy lief is vir hierdie wonderlike vrou wat hulle ma noem, en dat jy haar op die hande dra, en dat sy die koningin is in jou lewe. En as jy nie bevoorreg is om ón vadersdag te hê nie, as jy dalk alleen is of ongetroud is of wat ookal, is dit daardie bewondering wat jy kan hê vir mense wat die Here gemaak het wat so ón soort huwelik het.

ón Man is meer as grond, want God het hom geroep om Sy aardse simfonieorkes te dirigeer. ón Man is meer as grond want die Here het hom geroep om mooi name te gee, nie net take te doen en te werk nie, verhoudings te bou, verhoudings te groei. 'n Man is meer as grond as hy vir Isha gevind het, en laastens, ón man is meer as grond as hulle terugtrek tuin toe, as hulle terugtrek paradys toe.

Ons leef in ón woeste wêreld. Almal hol rond. Die groot modewoord vandag is ek is besiger as jy. Die groot kompetisie is wie werk die hardste en wie is die moegste en wie is die klaarste en wie is die meeste gestres en wie is die meeste angstig, want dit is wat ons doen as ons soos slawe hardloop, en nou kom God en Hy briek ons en hy sê die paradys is nog al die tyd oop. Julle moet net mooi kyk. Hy is nog al die tyd oop, al het... al het die onkruid van stukkende verhoudings en sonde dit toegegroei, as julle mooi kyk in die geloof, Christus het die paradys weer oopgemaak.




© 2012 Mosaïek

En daar is ŉ blyplek vir elke Ish; vir elke man, en elke vrou en elke kind en elkeen wat die Here liefhet wat net ŉ slag weer wil trek, en hierdie keer is dit nie ŉ slegte trek nie, dis nie weer jy moet alles oppak en jy moet weer alles in bokse pak en jy moet weer alles gaan uitpak nie. Nee, nee, die Here sê jy moet sommer net kom. Hy het plek. Hy het ŉ plekkie voorberei waarnatoe jy kan trek, die paradys.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Hy sê dit gebeur wanneer jy in die geloof kies om meer as grond te wees, want een ding wil ek vir jou sê in die naam van die Here, as jy net bly by wat jy doen deur te werk en jou titels op te bou en meer te kry en te ry en bly, en dink dis die somtotaal van die lewe, soos 80% ander mans, is jy maar net grond, en op die ou end, as jy dood is, gaan al wees wat hulle oor jou sê, ja, hy was toe suksesvol, maar daar gaan geen spoor of geen getuienis op die rots lê wat jou kinders en jou vrou en jou familie kan volg nie, en daarom roep die Here jou, kom trek terug.

Kom trek terug paradys toe sodat jy saam met My kan wandel, sodat jy kan voel jy is meer as grond want Ek het op jou geblaas. My asem is op jou, en ek sal jou blaas in die rigting van die simfonieorkes, en jy sal ŉ lewende seën vir ander wees, sodat as jy van hulle af wegstap hulle sal sê hoe geseënd was ons nie, en ek sal jou ŉ naamgewer maak wat vir mense name gee, wat hulle weer eer gee, en jy sal verhoudings weer bou met mense wat mense ryk sal maak al het hulle niks, en ek sal jou weer... as sal jou weer in jou kasteel laat bly saam met die vrou van jou drome, om haar te bemin en lief te hê en haar vas te kleef, en as jy nie getroud is nie, om saam met jou vriende en familie ŉ pad te loop waar jy in elk geval hulle terugvat paradys toe om Sy simfonieorkes te gaan dirigeer, om Sy nuwe name te gaan uitdeel.

Daar is plek, maar die meeste mense wil nie daar bly nie. Hulle glo waaragtig die leuen dat hoe harder hulle werk en hoe meer hulle weg is van hulle geliefdes en hoe verder hulle van God af weg is, kry hulle sin in hulle lewe, en hulle kry dit nie. Jy wil nie afsluit, jou lewe, as ŉ vreemdeling vir jou familie en jou vriende nie. Jy wil nie afsluit dat selfs die engele eendag in die hemel die hemelse registers moet nagaan omdat hulle jou op gesigwaarde nie herken nie.

Hulle sê ons het jou nooit geken nie, maar ons weet daar was iemand wat al die tyd sy rug op God gedraai het. Is dit nie dalk jy nie? Trek terug paradys toe, want daar het die Here vir ons elkeen ŉ plek. Want mans is meer as grond. Vroue en kinders ook, maar ons is kosbaar, want ons het die asem van die Here in onsself. Kom ons gaan asem dit uit en gee nuwe lewe, amen.

Hemelse Vader, dankie vir U woord. Dankie dat U op hierdie spesiale dag waar ons mekaar koester en op die hande dra, en Here, as ons dalk vandag selfs alleen is en nie ŉ familie rondom ons het nie, waar U ons koester, waar U ons vader is, waar ons hierdie dag na U toe kan terugtrek. Dankie dat ons op hierdie dag ook aan U eer kan bring vir manne wat deur die geskiedenis in die paradys gebly het toe hulle die keuse gehad het om te trek agter wie weet watter ander gode aan, gekies het om so te dirigeer dat ander mense ŉ beter klank tot U eer na vore bring met hulle lewe, gekies het om sulke name te gee dat ander hulle koppe kon optel en hoop kon kry en weer kon lewe, gekies het om so te leef dat ŉ vrou en ŉ huisgesin gedien is en tot stand gekom het waar U al die eer kry, gekies het om so te lewe dat hulle agtergekom het, almal rondom hulle, die paradys se hekke is weer oop. Dankie dat ons vandag kan kies om terug te loop soontoe.

Dankie, Here Jesus, dat U dit moontlik gemaak het, dat U nie maar met gesterf het vir ons sondes alleen nie, maar ook dat ons hier op aarde nuwe verhoudings kan hê met U en met ander. Ons eer U daarvoor, dat U dit vir ons moontlik maak, en ons dank U vir U kosbare woord, in Christus se naam, amen.


© 2012 Mosaïek

Geliefdes, as julle uitbeweeg by die deure is daar vir die manne ón geskenk.  As jy behoefte het aan gebed, daar is by die klipkerk geleentheid, of vir gesprek. Mag die Here vandag ryklik in jou lewe seën.  Gaan in vrede.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ♦ posbus 1658, fairland 2030 ♦ t: 011 268 4700 ♦ f:011 268 4800 ♦ info@mosaiek.com ♦ www.mosaiek.com
die kuns van lewe


**© 2012 Mosaïek**